NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 27 NOVEMBER 2003

1. OPENING

1.1 Verwelkoming

1.1.1 Lede drink vanaf 10:00 tee saam in die kompleks van die NGK Somerstrand. Die vergadering begin om 10:30.

1.1.2 Die voorsitter, ds EGJ de G Schutte, heet almal welkom by die eerste vergadering van die Sinodale Kommissie in die reses. Sy gebed is dat die vergadering 'n sinvolle deel van 'n groter proses sal wees en almal vul met energie en die vermoë om in ringe en gemeentes leiding te gee.

1.2 Skriflesing en gebed

1.2.1 Die voorsitter neem die opening waar. Hy lees uit Efesiërs 1:6,12; 2:10; 4:11,12.

1.2.2 Wanneer ons verstaan wie God is en die werke van sy hande aanskou, kan ons net die goedheid en grootheid van God prys. Lofprysing is deel van die identiteit van die kerk.

1.2.3 Hierdie verse beklemtoon ook die roeping van die kerk: om die goeie werke te doen waarvoor God ons bestem het. God het vir sy kerk gawes gegee. Die sinode is deel van die gawes wat die gemeentes hul dienswerk help verrig.

1.2.4 Die vergadering verdeel in groepies van twee en bid saam.

1.3 Geloofsverbintenis: Oos-Kaapland

1.3.1 Die Sinodale Kommissie verbind haarself opnuut tot die geloofsverbintenis van die sinode:

GELOOFSVERBINTENIS

Ons glo aan een kerk as spieëlbeeld van ons een God: Vader, Seun en Heilige Gees.
Daarom verbind ons ons aan eenheid onder mekaar, in ons kerkfamilie en met ander Christene oor die wêreld.

Ons glo aan `n heilige kerk wat deur wet en belydenis `n ligdraer in die wêreld is.
Daarom verbind ons ons om as Geesvervulde mense prakties aan die evangelie gestalte te gee.

Ons glo aan `n algemene kerk wat weens Christus se koningskap oor tyd en ruimte heen bestaan;
Daarom verbind ons ons om die boodskap van Christus oor die wêreld heen te dra.

Ons glo aan `n Christelike kerk wat as barmhartigheidsgemeenskap in Christus gesalf is;
Daarom verbind ons ons om met dade lief te hê en blymoedige offers te bring.

Ons glo aan die gemeenskap van die heiliges wat hulle gawes met vreugde tot nut van mekaar gee;
Daarom verbind ons ons om na mekaar om te sien en die ander se belang eerste te soek.

1.4 Leedwese

1.4.1 Kennis word met leedwese geneem dat
- ds JPL van Straaten onlangs sy vader aan die dood afgestaan het;
- ds G Bredenkamp se moeder so pas oorlede is.

1.4.2 Die vergadering betuig meegevoel deur vir 'n paar oomblikke in stilte te staan.

2. KONSTITUERING

2.1 Dagbestuur van die SK

Ds EGJ de G Schutte – Voorsitter
Ds ACV van Wyk – Onder-voorsitter
Dr S du Toit - Aktuarius
Ds DW Mouton – Skriba
Ds AC van der Westhuizen
Ds M van Niekerk
Ds MF Steyn
Ds CH van Heerden – DL Finansies

2.2 Lede deur die Ringe benoem

RINGE	PRIMARII	SEKUNDI
Albanie	• Ds BIC Steyn • Oudl (ds) JM Wolmarans (Fort Beaufort)	
Algoa	• Ds JP Kampman • Oudl (me) V Schäfer (Lorraine)	
Burgersdorp	• Ds AC van der Westhuizen • Verskoning	• Verskoning
Cradock	• Ds JJ Nortier • Oudl AS Smit (Cradock-Noord)	
Dordrecht	• Ds WA van Zyl • Oudl L Theron (Barkly-Oos)	

Graaff-Reinet	• Ds EH Ferreira • Oudl JM Nel (Aberdeen)	
Humansdorp	• Ds MF Steyn	• Oudl (me) J Beukes (Humansdorp)
Oos-Londen	• Dr WL Steenkamp	• Oudl (me) SF Prinsloo (OL)
Port Elizabeth	• Ds M van Niekerk • Oudl (ds) PL Louw (Kensington)	
PE-Wes	• Ds C Coetzee • Diak (me) E Anderson (Sionsrand)	
Queenstown	• Ds DF Oelofse • Oudl F van Z Bakkes (Cathcart)	
Sondags-rivier	• Ds AHG Lötter • Diak SE Phillipson (Despatch-Eendrag)	
Uitenhage	• Ds TJ van Schoor • Oudl WH Lane (Uitenhage-Noord)	

2.3 Adviserend

Dr J Viljoen – Direkteur Administrasie

2.4 Op uitnodiging

Dr A Oliphant – DL Diens van Barmhartigheid
Dr JD Prinsloo – DL Gemeentebediening
Ds JH van Niekerk – DL Getuienis
Ds WP Petzer – DL Jeug
Dr JP Cloete – DL LAS
Mev M Oliphant – sekundus vir die DL Vrouelidmate

2.5 Verskonings

2.5.1 Mev L Steyn – DL Vrouelidmate
2.5.2 Dr en mev Oliphant sal die vergadering vir sowat ‘n uur verlaat om ‘n gemeentelike funksie by te woon.
2.5.3 Ds Nortier vra om vanaf middagete verskoon te word.
2.5.3 Me Schäfer vra om vroeër verskoon te word.

3. SITTINGSURE

10:00 - 10:30 Tee
10:30 - 13:00 Vergadering
13:00 – 13:45 Ete
13:45 - tot met afsluiting van die vergadering.

4. UITBREIDING VAN DIE SAKELYS

Die sakelys word met die volgende sake / bylae aangevul:

6.2 SK Dagbestuur 2003.11.13

6.2.1 Hulp aan die Kerk in Zimbabwe (pt 20.1.2)

6.2.2 Uitkoop van die tyd van die lede van die moderatuur (pt 20.6) Bylaag R

6.2.3 Verkoop van eiendomme (pt 5.1.4)

6.2.4 Belastingvrystelling (pt 5.1.7)

Bylae P en P.1 by pt 12.2.2

Bylaag S by pt 14.2

Bylaag N by pt 15.2

15.4 Standplaasverwisseling

15.5 Berekening Gemeentedankoffers Bylae M en M.1

15.6 UK Konvent vir Eenheid Bylaag O

15.7 Kommunikasiestrategie Bylaag Q

15.8 Teologiese Studiefonds

5. NOTULES VIR KENNISNAME

5.1 SK - 2003.05.22 Bylaag A
5.1.1 Besluit: Kennis geneem

5.2 SK-Dagbestuur - 2003.06.26 Bylaag B
5.2.1 Besluit: Kennis geneem

5.3 SK-Dagbestuur - 2003.08.22 Bylaag C
5.3.1 Besluit: Kennis geneem

5.4 SK - 2003.10.22 Bylaag D
5.4.1 Besluit: Kennis geneem

5.5 SK-Dagbestuur - 2003.10.23 Bylaag E
5.5.1 Besluit: Kennis geneem

5.6 SK-Dagbestuur - 2003.11.13 Bylaag F
5.6.1 Besluit: Kennis geneem

6. SAKE VOORTSPRUITEND

6.1 SK 2003.05.22 Bylaag A

6.1.1 Jaarlikse Bydraes: NG Kerk van Suid-Afrika (pt 16.1.1)

6.1.1.1 Die DA en DL Finansies rapporteer. Gesprek is met die NG Kerk in SA gevoer en ‘n aanbod om ‘n vaste bydrae gemaak. Terugvoer word afgewag.

6.1.1.1.2 Besluit
Die saak staan oor.

6.2 SK-Dagbestuur 2003.11.13 Bylaag F

6.2.1 Hulp aan kerk in Zimbabwe (pt 20.1.2)

6.2.1.1 Die ASK versoek dat ons sinode vir drie jaar R60,000 per jaar bydra vir hulp aan die kerk in Zimbabwe. 'n Eerste R60,000 is reeds uit sinodale fondse oorbetaal.

6.2.1.1.1 Besluit:
Gemeentes word versoek om 'n Spesiale kollekte voor April 2004 ten bate van die Kerk in Zimbabwe op te neem. Hierdie bedrag word uit die noodfonds vir Diens van Barmhartigheid aangevul tot R60,000.

6.2.2 Uitkoop van die tyd van die lede van die moderatuur

6.2.2.1 Bylaag R (Ad Hoc Kommissie Begroting vir Moderatuur – dd 2003.11.26) dien voor die vergadering.

6.2.2.1.1 Besluite:
1. Die vergadering neem kennis van pte 1. – 3.2.3.3
2. Pte 3.2.4 tot 3.2.4.5 word goedgekeur:
3. Kennis geneem van pte 4. tot 4.1.5

6.2.2.3 **Bylaag R.1** (Uitkoop van Tyd - dd 2003.11.26) dien voor vergadering.

6.2.2.3.1 Besluit:
Kennis geneem van Bylaag R.1 in sy geheel.

6.2.3 Verkoop van eiendomme (pt 5.1.4)

6.2.3.1 Die dagbestuur het kennis geneem dat 'n aanbod van R3,7 miljoen op die Sinodale Sentrum verwag word, en beveel aan dat die aanbod aanvaar word. Dié aanbod het intussen gerealiseer.

6.2.3.1.1 Besluit:
Die vergadering keur goed dat die Sinodale Sentrum teen R3,7 miljoen verkoop kan word.

6.2.4 Belastingvrystelling (pt 5.1.7)

6.2.4.1 Die DA bedank die skribas en kerkrade vir hul uitstekende samewerking met die voorbereiding van die aansoeke om vrystelling van belasting. Die proses verloop baie glad.

6.2.4.2 Die DA doen ter vergadering navraag oor enkele ringe en gemeentes wie se aansoeke steeds uitstaande is. Hierdie aansoeke geniet dringende aandag.

7. VISIONÊRE LEIDING

7.1 Die SK neem kennis van die volgende bylae as verwysingsraamwerk waarbinne oor visionêre leiding besin word:

7.1.1 **Bylaag G** (Eerste Verslag van die Luisterspan - Sinode 2003)
7.1.2 **Bylaag H** (Tweede Verslag van die Luisterspan - Sinode 2003)
7.1.3 **Bylaag I** (Verklaring van die Algemene Sinode 2002).

7.2 Besluite:
7.2.1 Die vergadering keur die SK-Dagbestuur se formulering van die sinode se roeping ten opsigte van visionêre leiding goed. Dit lees as volg:

Roeping	Uitgevoer deur
Eenheid (konvent, kerkhereniging, ekumene)	**Moderatuur**
Publieke getuienis	**Moderatuur**
Missionêre kerk	**Barmhartigheidsdiens en Getuienis**
Families	**Gemeentebediening en Jeug**
Skrifgebruik (wyse van besluitneming in vergaderings, hoe God ons deur die Skrif vorm en stuur)	**SK en die Navorsingsnetwerk**
Kommunikasie	**Moderatuur, Skriba**

7.2.2 Die vergadering vul hierdie tabel met behulp van 'n kleingroepbespreking aan (genotuleer by pt 11.2).

8. NAVORSING

8.1 Besluite:
8.1.1 Die vergadering keur die SK-Dagbestuur se formulering van die sinode se roeping ten opsigte van navorsing goed. Dit lees as volg:

Roeping	Uitgevoer deur
Verband (ecclesia completa)	**Sinodale Regskommissie**
Homoseksualiteit	**LAS**
Spiritualiteit	**LAS**
Persoonlikheid en spiritualiteit	**LAS**
"Dominee" as ampstitel	**LAS**
Nuwe Gemeente Ontwikkeling	**Gemeentebediening en Getuienis**
"Lobbying"	**Netwerk vir Navorsing**
Vestiging van 'n Netwerk vir Navorsing	**Ad Hoc Projekbestuurder Navorsing: Prof PJ Naudé**

8.1.2 Die vergadering vul hierdie tabel met behulp van 'n kleingroepbespreking aan (genotuleer by pt 11.2).

9. BEGELEIDING

9.1 Besluite:
9.1.1 Die vergadering keur die SK-Dagbestuur se formulering van die sinode se roeping ten opsigte van begeleiding goed. Dit lees as volg:

Roeping	Uitgevoer deur
Diensverhoudinge	Gemeentedienste Netwerk (GDN)
Versorging	Gemeentedienste Netwerk
Gemeente Dienste Netwerk (GDN) , wat verband hou met: · Diensverhoudinge; · Versorging; · Sin. Werkswinkel; · Fasilitering	Ad Hoc Projek-bestuurder GDN: Ds Barnard Steyn (in samewerking met DL Gemeentebediening en dr Chris van Wyk)

9.1.2 Die vergadering vul hierdie tabel met behulp van 'n kleingroepbespreking aan (genotuleer by pt 11.2).

10. BESTUUR

10.1 Besluite:
10.1.1 Die vergadering keur die SK-Dagbestuur se formulering van die sinode se roeping ten opsigte van begeleiding goed. Dit lees as volg:

Roeping	Uitgevoer deur
Kommunikasie: · Elke aspek van die sinode se funksionering vorm die inhoud van kommunikasie; · 'n Sinodale koerant wat aan elke gemeente in die streek versprei word, kan effektief wees; · Webblad en E-pos; · Die kommunikasie moet beide op ons eie lidmate en die openbare lewe (publiek, regering, ander rolspelers) gerig wees; · Openbare geleenthede soos inbelprogramme; · Artikels in tydskrifte	Moderatuur: die skriba neem leiding
Projekbestuur	Direkteur Administrasie Deskundige lede Ringskommissies Ad Hoc Projektuurders (tans Navorsing en Gemeente Dienste Netwerk)
Kerkorde	Sinodale Regskommissie
Verhoudinge met Patmos	Moderatuur

10.1.2 Die vergadering vul hierdie tabel met behulp van 'n kleingroepbespreking aan (genotuleer by pt 11.2).

11. RITME: STRATEGIESE BELYNING VAN DIE JAARPROGRAM

11.1 Besluit:
11.1.1 Die vergadering keur die SK-Dagbestuur se formulering van die sinode se roeping ten opsigte van ritme goed. Dit lees as volg:

Maand	Proses	Persone
Augustus	Visionering en strategie	Moderatuur en SK-Dagbestuur
September	Navorsing en ontwerp van prosesse en projekte	Deskundige lede, Ringsvergaderings en Sinodale Vergaderings
Oktober		
November	Projekte en begroting	Sinodale Kommissie
Desember	Reses	
Januarie		
Februarie	Begeleiding en implementering (kan oorloop tot in Junie)	Deskundige lede en spanne. Sinodale werkswinkels
Maart		
April		
Mei	Opvolg en evaluering	SK Dagbestuur en Sinodale Kommissie
Junie		
Julie	Reses	

11.1.2 Die vergadering vul hierdie tabel met behulp van 'n kleingroepbespreking aan (genotuleer by pt 11.2).

11.2 KLEINGROEPBESPREKING

Die vergadering bespreek die dagbestuur se formulering van die sinode se roeping insake visionêre leiding, navorsing, begeleiding, bestuur en die strategiese belyning van die ritme aan die hand van twee vrae in kleingroepies:

- Wat maak jou opgewonde?
- Wat mis jy?

11.2.1 "Wat maak jou opgewonde?"

11.2.1.1 Die volgende terugvoer word gegee:

1. Klem op die publieke getuienis en rol van die kerk.
2. Die versorging van leraars : indiwidueel, as medeleraars en in ringsverband.
3. Die sinodale koerant.
4. Die roeping is realisties, uitvoerbaar en

relevant geformuleer.
5. Gewone lidmate is betrokke.
6. Hier is 'n klomp nuwe mense wat met nuwe energie kreatiewe dinge doen.
7. Bestuur van die visie is meetbaar geformuleer.
8. Besluite word nou gekommunikeer en planne word deurgegee aan ringe en gemeentes.
9. Nuwe kreatiewe gees.
10. Die ritme is positief, en maak voorsiening vir gereelde monitering.
11. Die vier sinodale funksies neem nou konkrete vorm aan - "form follows function".
12. Daar word wegbeweeg van besluite en strukture na prosesse.

11.2.2 "Wat mis jy?"

11.2.2.1 Die volgende terugvoer word gegee:

1. Die teologiese moment van gawes. Word die bronne wat die Here vir die Oos-Kaap gegee het werklik benut? Word ringsverteenwoordigers bv nie lukraak aangewys nie?
2. 'n Oop sisteem vir betrokkenheid op die vlak van die uitvoering van beplanning.
3. Skrifgebruik.
4. Benutting van gewone gelowiges.
5. Nuwe visies moontlik maak.
6. 'n Gerigtheid op God. Ons eerste roeping is om God te verheerlik.
7. Ons vergaderings moet 'n ontmoeting met God wees en so ingerig word.
8. 1 Pet 5 leer dat die ouderlinge toesig moet hou en 'n voorbeeld moet wees. Ons is ouderlinge wat hierdie funksie moet uitvoer.
9. Skep meer ruimte vir omgaan met die Woord. Die aard en inrigting van SK-vergaderings moet verander.
10. Ons moet mense uitnooi om sake / idees na die SK te bring wat ons werk kan verryk en waarby ons kan inskakel - eerder as om altyd ander te nooi om by ons werk in te skakel.
11. Die frekwensie van sinodale vergaderings moet moontlik verhoog - jaarliks. Ringe kan twee keer per jaar vergader.
12. Die prosesmatige werkswyse bemagtig mense en nie strukture nie. As die sleutelpersoon weggaan, bly die werk in die slag. Die vorming van netwerke kan hierdie probleem ondervang.
13. Die kerk het ook 'n taak om op sy innerlike funksionering te fokus.

11.2.3 Besluit:
Pte 11.2.1 en 11.2.2 word as aanvullende sake na die SK-Dagbestuur verwys sodat dit op 'n sinvolle wyse in die beplanning opgeneem kan word, met verslag aan die SK.

12. PROJEKAANSOEKE

12.1 Sinodale Projekte

12.1.1 **Bylaag J** (Opsomming van Voorgenome Sinodale Projekte - ongedateerd) dien.

12.1.1.1 Besluit:
Kennis geneem.

12.1.2 **Bylaag F** pte 18.4.1 - 18.4.3 (Notule van die SK-Dagbestuur - 2003.11.13) dien voor die vergadering.

12.1.2.1 Besluite:
1. Pt 18.4.1 Goedgekeur
2. Pt 18.4.2 Goedgekeur
3. Pt 18.4.3 Goedgekeur

12.2 Ringsprojekte

12.2.1 **Bylaag J** (Opsomming van Voorgenome Ringsprojekte - ongedateerd) dien.

12.2.1.1 Besluit:
Kennis geneem.

12.2.2 **Bylaag K** (Sinodale Hulpfonds - ongedateerd) dien as riglyn vir besluite oor ringsprojekte.

12.2.2.1 Besluit:
Kennis geneem.

12.2.3 **Bylaag F** pte 18.4.4 - 18.4.7 (Notule van die SK-Dagbestuur - 2003.11.13) dien voor die vergadering.

12.2.3.1 Besluite:
1. Pt 18.4.4 Kennis geneem.
2. Pt 18.4.5 Kennis geneem.
3. Pt 18.4.6 Kennis geneem.
4. Pt 18.4.7 Goedgekeur.

12.2.4 **Bylaag P** (Ad Hoc Kommissie vir Ringsprojekte - 2003.11.26) dien voor die vergadering.

12.2.4.1 Besluite:
1. Pte 1. tot 4.1 Kennis geneem
2. Pt 4.2 Kennis geneem. Ook kennis geneem dat 11 ringe, en nie 12 nie, projekaansoeke ingedien het.
3. Pte 4.3.1 - 4.3.3 Kennis geneem

Amendement by Bylaag P pt 4.3.3

1. In die lig daarvan dat Ringe nog ervaring met die nuwe model moet opbou, word die Ringe wat nie tot op datum projekaansoeke ingedien het nie, die geleentheid gebied om voor of op 1 Maart 2004 'n projekaansoek voor te lê. Hierdie is slegs 'n ad hoc reëling vir 2004/2005. Indien al 13 Ringe aansoek sou doen, beloop die verdeling dus R28,461.

2. Die beginsel van Bylaag P pt 4.3.4 is ook op hierdie aansoeke van toepassing

(AHG Lötter / SE Phillipson)

Goedgekeur

4. Pt 4.3.4 Goedgekeur
5. Pt 5. Kennis geneem.

Amendement by Bylaag P pt 4.3

Die eerste R60,000 van die dankoffers wat vanaf 1 Maart 2004 gevorder word, word ter wille van onvoorsiene behoeftes / krisisse binne ringe geoormerk. Die gedeelte van die bedrag wat nie gespandeer is nie word die volgende boekjaar beskikbaar gestel vir ringsprojekte. Die meerderheid van die SK moet sodanige uitbetaling goedkeur.

(CH van Heerden J van Niekerk)

Goedgekeur

12.2.5 **Bylaag P.1** (Advies deur Deskundige lede - dd 2003.11.26) dien.

12.2.5.1 Besluit:
Kennis geneem van Bylaag P.1 in sy geheel.

13. BEGROTING 2004/2005

13.1 **Bylaag L** (Voorlopige Begroting van die Sinodale Kommissie - ongedateerd) dien.

13.1.1 Besluit:
Kennis geneem.

13.2 **Bylaag F** pt 19.1.2.3 (Notule SK-Dagbestuur 2003.11.13) dien.

13.2.1 Besluit:
Pt 19.1.2.3 word goedgekeur.

14. SAKE OPGEDRA AAN DIE SK DEUR DIE SINODALE VERGADERING 2003

14.1 Netwerk vir kerklike en teologiese navorsing (SK-Verslag pt 80, soos gewysig deur Amendement 1, Handelinge 2003)

14.1.1 Afgehandel. Die SK het die Dagbestuur se besluit by pt 8.1.1 hierbo gekondoneer.

14.2 Gemeentedienste-Netwerk vir die NG Kerk in Oos-Kaapland (Laat stuk E3, Begeleidingsfunksie van die Sinode van die NGK Oos-Kaapland, pt 3)

14.2.1 **Bylaag S** (laatstuk – ongedateerd) dien voor die vergadering.

14.2.1.1 Besluit:
Die SK neem kennis van pte 1. - 10.

14.3 Kerkeenheid en Konvent (Voorstel 6, soos gewysig, Handelinge 2003)

14.3.1 Afgehandel. Die SK het die Dagbestuur se besluit by pt 7.2.1 hierbo gekondoneer.

14.4 Nuwe Gemeente Ontwikkeling (Sinodale Sakelys A2.2, pt 1.10.4)

14.4.1 Afgehandel. Die SK het die Dagbestuur se besluit by pt 8.1.1 hierbo gekondoneer.

14.5 Kapitalisering van 75% op sinodale beleggings (Handelinge 2003, Voorstel 13)

14.5.1 **Bylaag F** pt 17.8.2 (Notule van die SK-Dagbestuur - 2003.11.13) dien.

14.5.1.1 **Besluit:**
Die saak staan oor.

15. ANDER SAKE

15.1 NGK Patmos

15.1.1 Die vergadering neem kennis dat die kerkraad van Patmos bereid is om die moderatuur te ontmoet. ‘n Datum word vir vroeg in 2004 beplan.

15.2 AKF-Verslag

15.2.1 **Bylaag N** (Vergoeding van Leraars en Toelaes - ongedateerd) dien voor die vergadering.

15.2.1.1 Besluite:
1. Die SK neem kennis van pte 1. tot 1.3.4.
2. Pt 1.3.5 word goedgekeur.
3. Kennis geneem van pte 2. tot 2.2.3.
4. Pt 2.2.4 word goedgekeur.
5. Kennis geneem van pte 3. tot 3.4.
6. Pt 3.5 word goedgekeur.
7. Kennis geneem van pte 4. tot 4.4.
8. Pt 4.5 word goedgekeur.

15.3 Handelinge van die Sinode

15.3.1 Die gepubliseerde Handelinge van die sinode word ter vergadering beskikbaar gestel.

15.3.2 Kennis geneem dat die drukkoste vir die Handelinge van die sinode (300 kopieë) R12,654 beloop het.

15.3.3 Lede ontvang ook ‘n nuwe sinodale nuusbrief, SinodeBode, saam met die Handelinge.

15.4 Standplaasverwisseling

15.4.1 Ds DW Mouton is tans die Sinode se verteenwoordiger vir standplaasverwisseling by die AKPB. Sy verkiesing as skriba maak dit onmoontlik om met hierdie taak voort te gaan.

15.4.1.1 Besluit:
Ds JJ Nortier word as sinodale verteenwoordiger vir Standplaasverwisseling aangewys.

15.5 Berekening Gemeentedankoffers

15.5.1 **Bylaag M** (Gemeente-dankoffers - ongedateerd) dien voor die vergadering.

15.5.1.1 Besluite
1. Kennis geneem van pte 1. - 3.
2. Pt 4.1 Goedgekeur.

3. Die korrektheid van pt 2.2 moet uitgeklaar word.

15.5.2 **Bylaag M.1** (Berekening van Veranderlike Insette - ongedateerd) dien.

15.5.2.1 Besluit:
Kennis geneem.

15.6 UK Konvent vir Eenheid

15.6.1 **Bylaag O** (Notule van die UK Konvent vir Eenheid - dd 2003.11.24) dien.

15.6.1.1 Besluite:
1. Pte 1. - 10.2 Kennis geneem
2. Pt 10.3 Goedgekeur.
3. Pte 11. - 12. Kennis geneem.

15.7 Sinodale Kommunikasiestrategie

15.7.1 **Bylaag Q** (Strategie vir Sinodale Kommunikasie - dd 2003.11.26) dien voor die vergadering.

15.7.1.1 Besluite:
1. Pte 1.- 3.4 Kennis geneem.
2. Pt 4.1 Goedgekeur.

15.8 Teologiese Studiefonds

15.8.1 Besluit:
Die aanwending van die Teologiese Studiefonds word vir ondersoek en implementering na die SK-Dagbestuur verwys.

16. AFSLUITING

16.1 Die vergadering sing Lied 188:1

16.2 Ds MF Steyn sluit met gebed af.

Goedgekeur en onderteken te Port Elizabeth op die SK-Dagbestuurvergadering van:

_____ **2004.**

Voorsitter: Ds EGJ de G Schutte

Skriba: Ds DW Mouton

Ander lede van die Kommissie: